# Regering se Intimidasie-Politiek Vererger die Universiteite se Dilemma

MET ingang van 19 Oktober 1987 het die Regering 'n stel *voorwaardes* neergelê vir die staatsubsidies wat die universiteite ontvang. Die verklaarde doelstelling daarvan is om te verseker dat studente en staf hul aktiwiteite ordelik en ononderbroke sal kan voortsit. Suid-Afrikaanse universiteite bevind hulle inderdaad toenemend in die politieke strydperk en protesvergaderings, klasboikotte, demonstrasies en konfrontasies met die polisie is op heelwat kampusse lank geen onbekende verskynsel meer nie.

Na alle waarskynlikheid sal die uitwerking van die staat se voorwaardes egter presies die teenoorgestelde wees: dit is daarop bereken om studente, universiteitsowerhede, die veiligheidsmagte en regeringsdepartemente in nog moeiliker konfliksituasies te dompel. Die tradisionele "oop" universiteite sowel as die Universiteit van Wes-Kaapland het die voorwaardes dan ook as 'n flagrante inbreuk op hul outonomie verwerp. Die Universiteit van Natal is reeds besig om die regsgeldigheid van die voorwaardes in 'n hofgeding te bestry. Selfs die Raad van die Universiteit van Stellenbosch het aangedui dat dit ongelukkig is met die voorwaardes en dit by die Regering wil opneem.

Die basiese beswaar is dat die Regering die Universiteitsrade en-administrasies deur middel van die voorwaardes wil dwing om as sy agent op te tree teenoor andersdenkende studente en personeel. Universiteitsrade sal selfs aan die Minister moet verslag doen oor hul voorkomende en dissiplinêre optredes in hierdie verband, en as dit volgens die oordeel van die Minister onvoldoende is, kan hy

Dit was seker nie die Regering se bedoeling om letterlik in die dissiplinêre prosesse van die universiteite te wil ingryp deur subsidies te verminder nie. Waarskynlik is dit eerder as 'n soort dreigement bedoel om die universiteite sovêr te kry om "hul eie huis in orde te kry" — iets wat in heelwat kringe

van vera
sterk ste
soort int
'n totale
en wese
meenska
versiteit
en staf
ononder
dit kan n
gedwing
kan sleg
van red
trouensn
dosente
wanneer
tieke are
deeldhe
groter
word
hardhan
bied hie
maar
beduiwe



*At the top table of the "Introducing IDASA" lucheo Paddy Clark, Dr. André du Toit (author of the article Mr. Mziwonke "Pro" Jack, Dr. F. van Zyl Slabber Beverley February.*

# Introducing IDASA to Business Sector